26 November 1996

Prof W D Jonker
Chenin Blanc 29
Kleingeluk
STELLENBOSCH
7600

Beste Willie

Ek het geruime tyd gelede reeds verneem van die groot eer wat jou te beurt val met die toekenning van 'n ere-doktoraat deur die U S. Ek mag nie langer uitstel nie en wil - in alle beskeidenheid, want wie is ek om dáároor 'n mening te lug - my blydskap en dankbaarheid daaroor uitspreek. Mag hierdie ou "stofmannetjie" (akademies gesproke) dan maar sy gelukwense paar met dié van groteres.

Ek is hieroor dankbaar omdat as profeet van ons/die Here se kerk oor baie en moeilike jare **jou** stem nie stilgeword het nie, en as priester jy nie net gebid het nie, maar "jou" kerk getrou gebly en van binne, ja ook verby offer-altare langs, gelei, gely en gepleit het. En só het jy ook jou koningsamp getrou geword. Dáárvoor dank ek die Here wat jou buitengewoon begenadig het om op ander wyses as sommige andere, steeds teoloog, kerkman en Godsman te gebly het. (Jy sal nooit weet wat jy deur woord en Woord, skrif én Skrif - en dan deur voorbeeld van nederige regop-staan in koue winde vir my beteken het nie. Ek sê dit maar. Dankie!)

Mag die Here jou seën. Ek weet by voorbaat dat jy opreg die eer aan God sal gee - dit sê jou woning se naam/Naam reeds. Ek weet dit sal 'n mooi en grootse belewenis vir jou en jou dierbares wees.

André

ANDRé STRYDOM

NS Ek is jammer dat die persoonlike briefie getik word - my skrif is te binnensmonds.

Groete aan mev. Jonker.

INFORMATION SERVICE
OF THE DUTCH
REFORMED CHURCH
IN SOUTH AFRICA
D R CHURCH CENTRE, GREY'S PASS
P O BOX 930 CAPE TOWN 8000
SOUTH AFRICA
TELEPHONE 22-2595

INLIGTINGSBURO
VAN DIE NEDERDUITSE
GEREFORMEERDE KERK
IN SUID-AFRIKA
N G KERKSENTRUM, GREY'S PASS
POSBUS 930 KAAPSTAD 8000
SUID-AFRIKA
TELEFOON 22-2595

NEW TELEPHONE 23-2853 NUWE TELEFOON 23-2853